

AMERIKA SE *ONDEMOKRATIESE* KAPITALISME VERKEER IN 'N ERNSTIGE OORLEWINGSKRISIS

Sampie Terreblanche

Die kapitalisme kan nie in 'n politieke (of staatkundige) vakuum bestaan nie. Die kapitalisme is te alle tye 'n deel van 'n tweeledige *politiek-ekonomiese* stelsel waar 'n ondemokratiese-verkose of 'n demokraties-verkose staat die politieke “sy” van die tweeledige politiek-ekonomiese stelsel vorm en waar kapitalisme die ekonomiese “sy” van die tweeledige stelsel vorm .

Die kapitalisme het te alle tye 'n staat nodig wat die wetlike raamwerk moet skep en/of die bemagtigingsvoorwaardes en die regulatiewe raamwerk vir kapitalisme moet voorsien.

Die wieg van die kapitalisme staan in die Italiaanse staatstate van 15de en 16de eeue. In die 17de eeu het kapitalisme in Holland (1648) en in Engeland (1688) ontwikkel.

Die hoogaangeskrewe historikus, Fernand Braudel (1977: 64 -5), definieer kapitalisme soos volg:

“Capitalism only triumphs when it becomes identified with the State, *when it is the state*. In its first great phase, that of the Italian city-states of Venice, Genoa and Florence, power lay in the hands of the moneyed elite. In the sixteenth century Holland, the aristocracy of the Regents governed for the benefit and even according to the directive of the businessmen, merchants and money lenders. Likewise, in England the Glorious Revolution of 1688 marked the occasion of business similar to that in Holland” (pp 64 – 65) (Beklemtoning in die oorspronklike).

Giovanni Arrighi (2007: 332-333) stem saam met Braudel se definisie van kapitalisme:

“Add as many capitalists as you like to a market economy, but unless the State has been *subordinated* to their class [*the capitalist class*] interest, the market economy remains non-capitalist. Within China, large business organizations control extensive networks of commercial intermediaries... [but] capitalists remain *subordinate* social group with no capacity to subject the general interest to their own class interest ... [Consequently] China remains non-capitalist” (pp 332-333).

Vir die 300 jaar wat van sê 1650 tot 1950 strek, was die politieke mag in alle Westerse lande in die hande van die kapitalistiese en/of bourgeoisie elite en is al hierdie lande op so 'n wyse

geregeer dat die eng klasse belang aan die kapitalistiese klas te alle tye voorrang geniet het bo die bevordering van die algemene belang. Die politiek-ekonomiese stelsel wat van 1650 tot 1950 in plek was in alle Westerse lande, was dus 'n stelsel van *ondemokrateise* kapitalisme. In hierdie 300 jaar het kapitaliste-gedrewe Westerse empires lande in die Suide meedoënloos uitgebuit.

Gedurende hierdie 300 jaar het politieke mag in die hande van absolute konings of in die hande van ondemokraties-verkose parlemente gesetel. Engeland/Brittanje het in 1688/89 'n parlementêre stelsel gekry. Van 1689 tot 1832 kon slegs 2% van die Britte stem; van 1832 tot 1867 kon 3,2% stem; van 1867 tot 1884 kon 8% stem en van 1884 tot 1917 kon 15% stem. In 1918 is algemene stemreg aan alle mans bo 21 jaar en aan alle vroue bo 30 jaar verleen en toe kon 21,4 miljoen mense stem. In 1929 kon alle vroue bo 21 stem. Brittanje het in 1929 'n demokratiese-verkose regering gekry, maar vanweë die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog het hierdie demokraties-verkose regering eers in sê 1950 operasioneel geword. Alle ander Westerse lande het teen 1950 ook operasionele demokraties-verkose regerings gehad en toe was die politiek-ekonomiese stelsel van Westerse lande vir die *eerste keer ooit* 'n stelsel van Demokratiese Kapitalisme.

Gedurende die 300 jaar toe *ondemokratiese* kapitalisme in plek was, het die binnelandse verdeling in alle Westerse lande al hoe ongelyker verdeel geraak (met die moontlike uitsondering van enkele Skandinawiese lande).

Oor die afgelope 60 jaar (1950 tot 2010) het 'n merkwaardige patroon in alle Westerse lande ontplooi. Van 1950 tot 1980 het alle Westerse lande se binnelandse inkomme merkwaardig *gelyker* verdeel geraak, maar van 1980 tot 2010 het die binnelandse verdelings van *alle* Westerse lande skerp ongelyk verdeel geraak en was die verdeling in 2010 ongelyker as dié van 1950.

Die gelyker en ongelyker verdelings in twee opeenvolgende tydperke van 30 jaar was nie toevallig nie. Die twee tydperke verteenwoordig twee ideologiese regimes: die *sosiaal-demokratiese* regime van 1950 tot 1980 en die *neoliberale* regime van 1980 tot 2010.

Van 1950 tot 1980 het die energieke kapitalistiese perd 'n demokraties-verkose ruiter gehad wat sterk genoeg was om die kapitalistiese perd so sterk in die bek te ruk dat hy die rytuig van die volkshuishouding in die rigting van die *algemene* belang getrek het. Dit was die Goue Era van sosiaal-demokratiese kapitalisme.

In hierdie 30 jaar het Westerse lande hulle sosiaal-ekonomiese doelstellings merkwaardig verwesenlik: volle indiensneming, prys- en wisselkoersstabiliteit, 'n gelyker verdeling van inkome, terwyl armoede grootliks opgehef is.

Die VSA het egter 'n ramspoedige 1970s beleef. Hy het Vietnamese en die Israel-Egiptiese oorloë verloor, OPUL het die olieprys laat styg, stagflasie het ingetree, Watergate het die VSA se aansien geknou, terwyl die Iranese krisis tot 'n tweede olieskok gelei het.

Vanaf Roosevelt se New Deal (1933) en vanaf die sosiaal-demokratiese konsensus wat Westerse lande in die eerste vyf jaar na die Tweede Wêreldoorlog bereik het, was die groot Transnasionale Korporasies (TNKs) aan streng regulasies onderworpe en was dit moontlik vir die demokraties-verkose regerings in die Westerse wêreld om die TNKs na wense tot verantwoording te roep vir hulle wandade en hulle negatiewe eksternaliteite. In 1970 was daar nog minder as 10 000 TNKs. Dit het intussen vermeerder tot meer as 50 000 waarvan 'n driekwart in die VSA gedomiliseer is.

In die vroeë 1980s het die Amerikaanse TNKs Reagan oortuig om die sosiaal-demokratiese regime met 'n neoliberale regime te vervang. Reagan het met sy regse neoliberale kontra-revolusie die regulatiewe raamwerke afgeskaf en vir die TNKs die *vryheid*, die *mag* en die “ruimte” gegee om wêreld-wyd (in die Globale Ekonomie) te maak-en-breek soos hulle wil om vir die VSA inkomste te akkumuleer sodat Amerika uit sy verknorsing gelig kon word.

Terwyl demokraties-verkose ruiters (regerings) van 1950 tot 1980 die kapitalisties-georiënteerde perde (TNKs) na wense kon dissiplineer sodat hulle die waens van die volkshuishoudings in die rigting van die algemene belang getrek het, gallop daar sedert die vroeë 1980s duisende wildeveldperde (TNKs) wêreld-wyd – in veral Suidelike lande – rond, waar hulle waens trek maar ook sosiaal-ekonomiese en ekologiese verwoesting saai. Hierdie wildeveldperde word nie meer nie (en kan ook nie meer nie) deur hulle eie regerings tot verantwoordbaarheid gedissiplineer word nie. Die regerings van die Suidelike lande – waar die veldperde die meeste skade berokken – is nog minder in staat om die “buitelandse” veldperde tot verantwoordbaarheid te dissiplineer.

Soos wat die TNKs voor 1950 nie deur die kapitalisties-vriendelike en ondemokraties-verkose regerings tot verantwoordbaarheid gedissiplineer is nie, so word die TNKs sedert die vroeë

1980s ook nie deur die regerings wat “formeel” demokratiese-verkies is nie, maar in werklikheid soos ondemokratiese-verkose regerings optree – gedissiplineer nie.

Reagan se neoliberale kontra-revolusie het 'n Amerikaans-geleide neoliberale, globale en post-koloniale empire geskep wat deur die magtige Amerikaanse weermag op alle lande in die wêreld afgedwing word.

Sedert die regulatiewe raamwerke afgeskaf is en sedert Westerse regerings hulle nie meer oor die gedrag van hulle TNKs verantwoord nie, het Westerse TNKs die “mag” en die “vryheid” om “industriële vennootskappe” met instansies (of korporasies) in Suidelike lande te sluit. Sedertdien het die TNKs hoofsaaklik industriële vennootskappe gesluit met Suidelike lande wat nie met groot skuldlaste opgesaal is nie, maar wat oor redelike geskoolde, redelike goedkoop en goed-gedissiplineerde arbeid beskik. Die Westerse TNKs voorsien aan hierdie vennootskappe 'n deel van die kapitaal en die hoogsontwikkelde Westerse tegnologie (wat deur die reëls van die WTO verskans word). Hierdie “industriële vennootskappe” in Suidelike lande produseer kwaliteit verbruiksgoedere wat spotgoedkoop na Westerse lande uitgevoer kan word. Die “kombinasie” van Westerse tegnologie en veral Oosterse goedkooparbeid het 'n “wenresept” geblyk te wees, solank Westerse lande (wat hoog opgee oor menseregte) hulle oë dig geslote hou vir die verkragting van menseregte wat in die “industriële vennootskappe” in die Suide gepleeg word.

Die industrialisasie van sommige Suidelike lande (in Asië en in sommige Latyns-Amerikaanse lande) het tot die gedeeltelike *de-industrialisasie* van die VSA en ander Westerse lande gelei. Dit het industriële werkloosheid in Westerse lande veroorsaak en dit is die vernaamste rede waarom hulle inkome sedert 1980 weer skerp ongelijk verdeel geraak het.

Vanaf 1974 tot 2007 het arbeidsproduktiwiteit in die VSA van 'n indeks van 100 tot 200 gestyg, terwyl lone van 100 tot slegs 120 gestyg het. Die inkomste van die rykste 1% in die VSA het van 1976 tot 2007 gestyg van 9% tot 23,5% van totale inkome, terwyl die inkomste van die armste 50% gedaal het van 15,6% tot slegs 12,6% van totale inkome. Werkloosheid is tans rondom 10%.

Die eiendom van die rykste 1% in die VSA het van 40% in 1930 tot 20% in 1970 gedaal, maar weer tot 40% gestyg in 1995. Tans is dit nog hoer.

Met die opkoms van die Amerikaans-geleide neoliberale empire, het die TNKs in alle Westerse lande so sterk (en so vernuftig) geword dat alle Westerse regerings (en ook die regerings van Suidelike lande) aan 'n proses van *dedemokratisering* onderworpe is. Die politiek-ekonomiese stelsel van Demokratiese Kapitalisme van 1950 tot 1980 is sedertdien omvorm tot 'n stelsel van demokratiese KAPITALISME waarin die groot korporasies die septer swaai.

Joseph Stiglitz (2002: 21-22) stel dit soos volg:

“Unfortunately we have no world government, accountable to the people of every country, to oversee the globalization process... Instead we have a system that might be called *global governance without global government*, one in which a few institutions – the World Bank, the IMF, the WTO – and a few players – the finance, commerce and trade ministries, closely linked to certain financial and commerce interest – dominate the scene, but in which many of those [in the Southern world] affected by their decisions are left almost voiceless” (beklemtone in die oorspronklike).

Jorge Nef en Berndt Reiter (2009: 138 en 168) beweer kategoriees dat die groot oligopolitiese konglomorate wat kwansuis “te groot is om bankrot te gaan” multinasionale kapitalistiese instellings is wat demokraties-verkose regerings “ontmagtig”:

“A potentially *antidemocratic* trend throughout the globe is the effort by socio-economics elites and their institutional intellectuals to circumvent established democratic traditions and make politics ‘governable’. The trend of creating ‘limited’ democracies, responsive to market (that is elite) force, constitutes an attempt to reduce participation and *depoliticize* politics ... [The crisis of democracy’s] contemporary dimensions [in the United States] are unequivocally connected to the encroachment of the National Security state and the alienation of popular sovereignty to the plutocratic and oligarchy practices of unrestricted markets.”

Noam Chomsky (*Irish Times*: 10 October 2008) beweer dat die gedereguleerde finansiële markte op 'n berekende wyse risiko te laag “prys” omdat hulle weet dat die staat nie hierdie markte sal toelaat om te misluk nie. Gevolglik is hierdie markte “sistemies ondoeltreffend” en het hulle (en die *te* groot korporasies) “virtuele parlamente” geword wat demokratiese regerings intimideer om die belange van die “geld-elite” bo die algemene belang te bevorder.

Dit staan soos 'n paal bo water: die stelsel van *ondemokratiese* kapitalisme wat van 1650 tot 1950 in die Weste in plek was, is sedert 1980 weer in ere herstel – of is dit 'n geval dat dit tot *skande* 'n tweede lewe gegun word?

Om die oorlewingskrisis van *ondemokratiese* kapitalisme in die VSA volledig te verduidelik, is dit nodig dat ek ook die “metamorfose” wat veral die Amerikaanse kapitalisme in die 20ste eeu deurloop het, ook aan die orde sal stel.

In die 1920's het die Amerikaanse produktiwiteit en hul BNP so vinnig gestyg dat die Amerikaners begin vrees het dat hulle *kronies* met oorproduksie en oor-kapasiteit opgeskeep sou sit. Dit Groot Depressie het hierdie vrees tot 'n obsessie laat ontwikkel. As “oplossing” vir die oorproduksie “angs”, het die Amerikaners hulle toevlug tot “consumerism” en/of “consumptionism” geneem. Na die Tweede Wêreld oorlog het Europa ver-amerikaans geraak en na 1980 het die Globale Suide ook ver-amerikaans geraak. Na 1950 is Amerikaners “consumptionism” aan Europa verkoop en na 1980 is dit ook aan die arm Globale Suide verkoop!

Vanaf die vroeë 1980's het twee kragtige Amerikaanse tendense in botsing met mekaar gekom. Aan die een kant sorg “consumptionism” dat die Amerikaners (en die ver-amerikaansde wêreld) honger na meer en nog meer verbruiksgoedere en deur die reklamewese en die massa-media voortgedryf word om steeds meer onbevredig en onbehaag te wees.

Aan die anderkant het die neoliberale globalisering en die industrialisasie in die Suide, die inkomste van die armste 90% in die VSA aansienlik laat daal. Om die botsing tussen die twee tendense te probeer besweer, volg die Amerikaners sedert die 1990's die volgende beleidsmaatreëls. Eerstens is die verbruikers met 'n goedkoop geldbeleid (lae rentekoerse) uitgelok om al hoe meer verbruikerskuld te maak. Tweedens, word groot hoeveelhede goedkoop vervaardigde verbruiksgoedere uit Asië ingevoer wat deur Asiese lande gefinansier word wanneer hulle Amerikaanse effekte koop. Gevolglik het Amerika sedert 1980 ‘gevorder’ (of teruggesak) van die grootste kredietland ter wêreld, tot die grootste debietland (skuldland) wat die wêreld nog ooit gesien het. Derdens, probeer die VSA-regering (en veral President Obama) om die ‘verarmde’ verbruikers tevrede hou met groter sosiale dienste (veral gesondheidsdienste). Intussen moes die Bush en Obama administrasies triljoene bestee om die reusagtige TNC (wat “te groot is om bankrot te gaan”) van bankrotskap te red.

Terwyl die Amerikaanse *verbruikerskuld*, die *federale* skuld en *nasionale* skuld op rekordvlakke staan, weier die kapitalisties-gesinde Republikeinse Party botweg om meer belasting te betaal.

Hoe gaan die Amerikaners uit die gemors kom waarin die Amerikaans-geleide neoliberale, globale empire, die Amerikaanse “consumptionism”, en die Amerikaanse *ondemokratiese* politieke stelsel hulle gedompel het? Ek twyfel of hulle uit die gemors sal kan kom.

Kom ons oorweeg drie moontlikhede:

Eerste moontlikheid: Die miljoene Amerikaners wat aan “consumptionism” verslaaf geraak het, moet nou van hulle verwenning ontwen word om weer so Puritaans en so spaarsaam te word soos wat hulle voorheen was. Dit sal hulle in staat stel om met eie krag uit die “skuldgate” wat hulle vir hulself gegrawe het, te klim.

Tweede moontlikheid: Hulle moet die proses van *de-demokratisering* so omdraai dat egte demokratiese ruiters weer die wilde TNK-veldperde na wense in die bek sal kan ruk om hulle tot verantwoordbaarheid te dissiplineer. Die kans dat die VSA hiermee sal slaag, is egter bitter skraal. Maar as hulle daarin slaag, sal dit die “verrotting” (of die Enronisering) wat oor die afgelope 30 jaar in die geledere van die ongebreidelde korporasies ingetree het, blootlê. En dan?

Derde moontlikheid: Die Amerikaners moet die neoliberale, die post-koloniale en die kapitalisties-gedrewe “empaaier” wat hulle sedert 1980 met soveel korporatiewe vindingrykheid en militêre mag opgebou het, prysgee. Indien hulle dit kan doen, sal hulle die “imperiale bonus” wat hulle van die Suidelike lande en van die ekologiese omgewing geplunder het ook moet prysgee. Dan sal hulle hul te hoë lewenstandaarde tot “realistiese” vlakke kan laat daal. Die Republiekeine sal tog nie hiertoe instem nie.

Die voorblad van *Time* op 22 Augustus 2011 lees soos volg:

THE DECLINE AND FALL OF EUROPE (and maybe the West)

Ek wonder of die voorblad nie soos volg moes geles het nie:

THE DECLINE AND FALL OF THE UNITED STATES (and maybe Europe).

Europa verkeer ook in 'n oorlewingskrisis. Die aard van sy krisis is egter ietwat anders.